Oordenking
9 September 2009

My verantwoordelikheid in die Kerk.

Ons moet verstaan dat dit in die Kerk oor verhoudinge gaan. Ons weet die kerk bestaan nie uit stene en beton nie, maar uit mense. Die Nuwe Testamentiese woord wat ons met "kerk" vertaal, beteken letterlik "*hulle wat uitgeroep is*". Die kerk is nie 'n fisiese ruimte of gebou nie. Die kerk bestaan uit Christene. Ons almal saam is die Kerk. In die Kerk staan ons almal in 'n lewensbelangrike verhouding met die Heilige Gees wat in ons woon, en daarom het ons 'n spesiale verhouding met mekaar.

Ons het 'n verhouding met mekaar, baseer op ons verstaan van ons verhouding met God.
Rom 12: 3: Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het.

Die gevaar bestaan dat ons meer van onsself dink as wat ons behoort te dink. Daar is natuurlik ook die gevaar dat ons minder van onsself sal dink as wat ons volgens God, behoort te dink. Ons moet rekening hou met wat ons "behoort" te dink, sê Paulus. Ons opinie oor ons rol in die Kerk moenie te hoog of te laag wees nie. Dit behoort 'n opinie te wees wat geskoei is op wat God se idee is oor wat ons oor onsself in diens van die Here moet dink. Ons moet dít vir onsself wens, wat God se idee vir ons is, en nie juis wat ons eie goeie idees is nie, want dis wanneer ons of teveel, of te min, van onsself in God se Koninkryk maak.

God se idee is dat ons baie bly moet wees as die Here in en deur ons werk. God se idee is dat sy werk deur elke gelowige in die Liggaam gedoen moet word.

Maar ons is nie almal dieselfde nie!
Rom 12: 4 – 5: Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar.

Wil jy weet hoe die kerk behoort te werk? Kyk mooi na jou eie liggaam. Elke ledemaat en orgaan het 'n spesifieke funksie. Jou hand tel onder andere goed op, maar kan nie werk as dit nie aan die arm verbind is nie. Jou voete dra jou liggaam as jy loop, maar kan dit nie sonder jou bene doen nie. Jou oë sien, jou ore hoor en jou neus ruik en al die sintuie saam gee vir jou die inligting waarvolgens jy lewe onder leiding van die hoof van jou liggaam, jou brein.

Paulus leer ons dat Christus die hoof van die mistieke Liggaam, sy Kerk is. Elke lidmaat het sy eie rol, funksie en bediening. Elke lidmaat is belangrik. En elke lidmaat is afhanklik van die ander lidmate om sy funksie en bediening baie goed uit te kan uitvoer. **Wanneer ons almal saam onder die Hoof, Jesus Christus, verantwoordelikheid vir die plaaslike kerk aanvaar, word God se idee 'n werklikheid en dan is die gemeente sterk en effektief onder leiding van haar Hoof.**

Omdat die Here ons almal wil gebruik en ons elkeen se dienswerk vir Hom belangrik is, is ons ook almal verantwoordelik teenoor mekaar. Want as een lui is in sy spesifieke taak, word ons ander ook benadeel in ons roeping en werk. Ons het 'n verantwoordelikheid om die gawes en bediening wat God ons gegee het uit te oefen. Dit is God se idee hoe Hy die gemeente sterk en effektief wil maak!

God hou ons verantwoordelik vir die talente wat Hy ons gegee het om Hom en mekaar te dien. Ons moet mekaar ook verantwoordelik hou om saam in staat te wees om die werk van die Here te doen. Die been kan die voet strem en die arm kan die hand strem. Ons kan mekaar strem in die werk van God.

Kom ons bou mekaar liewer op in geloof, selfopofferende liefde en entoesiasme.
Kom ons dien die Here met vreugde in ons hart in hierdie kerkgemeenskap.